# MOOISTE FOTO'S: 'Arendsvlei' se Maria Valente en haar 'gunstelingmens' haak af in die Paarl

Deel

24 Mei | Uitgawe 30 Mei 2024

Joy January

Huisgenoot

Kommentaar Boekmerk

Luister na artikel 02:38

Hul troue was nie sonder flater of uitdaging nie, maar dit was perfek – en ook die mooiste en gelukkigste dag in hul lewe.



"Hy is die yin to my yang," sê Maria. Foto: Flying Swan Media

Toe haar kêrel byna drie jaar gelede ’n ring aan haar vinger gesteek het, het sy gedink daar sou nie sommer weer ’n gelukkiger oomblik wees nie. Tóé, het die aktrise Maria Valente vertel, was dit die heel beste dag van haar lewe.

Hoe sou daar in elk geval ’n beter dag kon wees? Haar verloofde, Reece Adams, het in daardie stadium twee maande lank aan die groot vraag beplan.

En toe hy dit eindelik op ’n Kaapstadse strand vra, was dit met ’n romantiese sonsondergang – dit was die sprokie waaroor sy nog altyd gedroom het.




Die paartjie se groot nuus is met haar meer as 12 000 volgelinge op Instagram gedeel. Foto: Flying Swan Media

Maar sy was verkeerd. Want toe Maria, wat die rol van Sam Abrahams in die kykNET-sepie Arendsvlei vertolk, en Reece onlangs in die Paarl afhaak, was dít haar gelukkigste dag.

"Hy is my gunstelingmens op Aarde," sê Maria. "Ek kan nie glo ek kan myself nou sy vrou noem nie."

Die twee het op 27 April, op Vryheidsdag, op Soetendal, Wellington, getrou. Die datum van hul troudag is juis só gekies sodat hul huweliksherdenking op 'n vakansiedag val, en "ons dan altyd tyd sal hê vir mekaar", sê Maria.



Ná 10 jaar van liefde het Maria en Reece eindelik saam ja gesê. Foto: Flying Swan Media

Reece het haar voete 10 jaar gelede onder haar uitgeslaan toe sy 'n dramastudent aan die Universiteit van Stellenbosch was.

Hy het toe in die Paarl gebly en sy in die Strand, sowat 'n uur se ry uitmekaar, maar die afstand was nooit genoeg om die liefdesvlam te blus nie. Hulle was vier jaar in 'n verhouding toe hy haar in 2021 vra om te trou.

"Hy is die yin to my yang," sê Maria. "Ons is steeds op cloud nine ná ons troudag en kyk heeltyd na mekaar en sê: Oh my word, jy is nou my man . . . of, jy is nou my vrou!"



Die aktrise Maria Valente is onlangs getroud met Reece Adams, 'n skeduleringsanalis in die finansiële bedryf. Foto: Flying Swan Media

Sy was in die weke voor haar troue senuagtig dat alles net reg moet verloop, maar toe het dit wraggies nie: Reece het kort ná die seremonie geval en ligamente in sy voet geskeur.

"So ons first dance het toe glad nie gebeur nie, maar ten minste het ons 'n skreeusnaakse storie om ons kinders eendag te vertel," sê sy.



Die twee het hul familie en vriende van die Strand en die Paarl bymekaargebring om hul spesiale dag saam met hulle te vier. Foto: Flying Swan Media

Ten minste lê die res van hulle lewe voor vir 'n eerste, tweede en soveelste dans. En meer – soos om met 'n gesin te begin.

"Ons droom oor klein mensies wat die helfte van my en die helfte van my gunstelingmens is."